




# 2023

## Geïntegreerde jaarverslag

Die Federasie van Beheerliggame  
van Suid-Afrikaanse Skole





# INHOUDSOPGAWE

INLEIDING EN OORSIG	2
FEDSAS se benadering tot verslagdoening	2
Termyn gedek in hierdie verslag	2
Sleutelkonsepte, afkortings en verklarende terme	2
Teikengehoor	3
Kontakbesonderhede en terugvoering	3
VOORWOORD: NASIONALE VOORSITTER	4
VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF	6
WAARDETOEVOEGING	8
Wie is FEDSAS?	8
Kernwaardes	8
FEDSAS se beginsels	9
FEDSAS se doelstellings	9
Nasionale voetspoor	10
Beheerstrukture	11
Nasionale Raad	14
Komitees	14
WESENLIKE ASPEKTE	15
FEDSAS SE KOMPETERENDE LANDSKAP	16
Fokusarea: Opleiding en steun	16
Fokusarea: Bewusmaking	18
Fokusarea: Navorsing	20
Fokusarea: Groei ledetal	22
Fokusarea: Fondswerwing en verhoudingsbestuur	22
Fokusarea: Goeie korporatiewe bestuur	24
FINANSIËLE STATE	26



# INLEIDING EN OORSIG

## FEDSAS se benadering tot verslagdoening

FEDSAS aanvaar die King IV™-verslag oor Beheer vir Suid-Afrika, 2016, as die brondokument oor dit waaruit goeie beheer bestaan.

Hierdie geïntegreerde jaarverslag gee terugvoering oor, en bied 'n vooruitskouing van, die organisasie se verbintenis tot goeie beheer en hoe dit grondslag vind in sy aktiwiteite. Die doel van die verslag is om aan alle belanghebbendes, intern en ekstern, 'n oorsig en insig te bied oor die nie-finansiële en finansiële stand van sake in terme van FEDSAS se strategiese doelwitte. Sodoende word belanghebbendes in staat gestel om die organisasie se prestasie en volhoubaarheid te evalueer. FEDSAS wil met hierdie verslag aan belanghebbendes wys hoe die organisasie waarde toevoeg tot die Suid-Afrikaanse samelewing, en veral die onderwyssektor.

## Termyn gedek in hierdie verslag

Hierdie geïntegreerde jaarverslag bied 'n oorsig oor FEDSAS se werksaamhede vir 2023, asook die finansiële jaar 2023.

## Sleutel terme, afkortings en verklarende terme

- **Wesentliche aspekte:** Alle aangeleenthede, aspekte en aktiwiteite relevant tot die organisasie se waardetoevoeging. In terme van die riglyne van Internasionale Raad vir Geïntegreerde Verslagdoening is 'n organisasie se impak op verskeie kapitale wesenlik of relevant slegs indien dit 'n beduidende invloed het op die beskikbaarheid, gehalte en bekostigbaarheid van kapitale waarop die organisasie steun, indien dit interne en eksterne belanghebbendes se persepsies van die organisasie op so 'n wyse beïnvloed dat dit besigheidsgevolge het of indien dit ander strategiese waarde inhou. Die organisasie se impak kan positief, negatief of neutraal wees.



- **FEDSAS:** Die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole
- **Organisasie sonder winsbejag:** 'n Organisasie wat nie 'n winsoogmerk najaag nie, wat insluit 'n organisasie wat opgerig is as 'n maatskappy ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008 ('n maatskappy sonder winsbejag), 'n statutêre liggaam, trust of vrywillige vereniging, ongeag of dit ingevolge die Wet op Organisasies sonder Winsbejag 71 van 1997 as 'n organisasie sonder winsbejag of ingevolge die Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962 as 'n openbareweldaad-organisasie tot stand gebring is
- **Skolewet:** Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996
- **Wet op Nasionale Onderwysbeleid:** Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996
- **Wet op Indiensneming van Opvoeders:** Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998
- **Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys:** Die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys 15 van 2011

## Teikengehoor

Die inligting in hierdie verslag is gemik op die behoeftes van huidige en toekomstige belanghebbendes en beleggers met langtermyn-belang by die organisasie.

## Kontakbesonderhede en terugvoering

Terugvoering oordie inhoud en struktuur van hierdie verslag sal FEDSAS in staat stel om sy verslagdoeningspraktyke voortdurend te verbeter.

Nasionale kantoor: 051-522 6903

E-pos: [info@fedsas.org.za](mailto:info@fedsas.org.za)

Webwerf: [www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za)



## VOORWOORD: NASIONALE VOORSITTER

Daar is onskatbare waarde opgesluit in 'n organisasie wat vir 30 jaar lank gefokus kan bly op sy oorspronklike doelwit. Nie net getuig dit van die geldigheid van die behoefte waarin die organisasie voorsien nie, maar ook van uitstekende leierskap, beplanning, innovering en aanpassing gedurende elkeen van hierdie 30 jare.

FEDSAS se drie dekades as spreekbuis van skoolbeheerliggame is 'n suksesverhaal soos min. Sedert sy ontstaan was die organisasie onwrikbaar in sy fokus op gehalte-onderrig en die behoeftes van die kinders van Suid-Afrika. FEDSAS het gegroei van 'n organisasie wat slegs uit vrywilligers bestaan het tot 'n gevestigde, professionele organisasie met 'n volgehoue rekord van goeie korporatiewe beheer en bestuur – 'n uitstekende voorbeeld van 'n moderne organisasie sonder winsbejag wat professioneel en passievol uitvoering gee aan sy visie en missie.

Die FEDSAS-storie kry selfs meer diepte as in ag geneem word watter uitdagings daar in die onderwyssektor in Suid-Afrika is. Tans is die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op Onderwyswette, of BELAB, waarskynlik die grootste bedreiging vir onderwys en onderwysbestuur. Die Suid-Afrikaanse Skolewet se visie vir openbare skole as gemeenskapsbates word deur BELAB negeer. Ouers, voogde en gemeenskappe word ontnem van direkte insae in hul kinders se onderrig. En terwyl BELAB met reg heelwat aandag in die media en openbare sfeer kry, worstel skole egter ook steeds met uitdagings soos finansies, swak infrastruktuur en talle sosio-maatskaplike en kulturele vraagstukke waarvoor antwoorde gevind moet word.

FEDSAS het die ervaring, hulpbronne, personeel, regstegniese kundigheid en veral daardie befaamde X-faktor wat ware leiers van die res onderskei. Die vermoë om 'n situasie te kan lees en vinnig te kan aanpas, is wat FEDSAS oor drie dekades heen aan die voorpunt van skoolbeheer en -bestuur gehou het. Hierdie geïntegreerde jaarverslag bied 'n oorsig van hoe FEDSAS gedurende 2023 uitdagings oorkom het om waarde toe te voeg in ses kapitale, naamlik finansiële kapitaal, vervaardigde kapitaal, mensekapitaal, sosiale en verhoudingskapitaal, intellektuele kapitaal en natuurlike kapitaal.

Dr. Shaun Mellors  
Nasionale voorsitter



210.95

149.16

23.26

1.41%



## VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF

Ons tema vir 2023 was *Ons behoort* en dit het lekker ingepas by ons vieringe van FEDSAS se 30ste bestaansjaar. Dit het ons ook weer gehelp om te fokus op die organisasie se oorspronklike bestaansrede, naamlik om 'n kollektiewe stem vir beheerliggame te wees. Die direkte bedreiging van BELAB het ook gehelp om die belangrikheid van 'n gesamentlike stem vir beheerliggame onder ons lede te beklemtoon en dat FEDSAS nie bloot 'n "diensverskaffer" in die sektor is nie.

Daar is natuurlik 'n stukkie ironie daarin dat FEDSAS 30 jaar later weer vir skole se "oorlewing" moet veg. FEDSAS staan egter nie in die skadu van BELAB nie; ons het die voordeel van 30 jaar se onderbou, gevestigde strukture, kundigheid en 'n diep passie vir ons land en die kinders van ons land. Ons het doelbewus nie net een groot feesgeleentheid gehad nie, maar elke byeenkoms gebruik om ons 30 jaar te vier.

Lewens- en sportafrigters gebruik dikwels die volgende formule: Prestasie = Potensiaal – Hindernisse. Dit beteken bloot dat 'n persoon se prestasie bepaal word deur hul ware potensiaal minus enige hindernis wat keer dat hulle hul potensiaal verwesenlik. Dit is ook van toepassing op organisasies. In die onderwyssektor is ons gewoon daaraan om te werk in 'n omgewing wat bekend is vir hindernisse en "ontwrigters" en ons beplan daarvoor na die beste van ons vermoë. In 2023 was die hindernisse egter groter en meer kompleks as in vorige jare, soos duidelik blyk uit die bydraes in hierdie verslag. BELAB het ons baie besig gehou en die voortdurende onsekerheid is besig om sy tol van die stelsel te eis. Ons sien 'n toename in LGBTQIA+ - navrae en dispute, die staat se magsoorskryding is die norm in die meeste provinsies en ons raak al meer bewus van spanning wat broei in skoolbeheerliggame tussen skoolhoofde en ander lede van skoolbeheerliggame, deels weens 'n swak begrip van rolle.

Die onlangse besluit van die Raad van Onderwysministers om die kworum van die eerste vergadering van die SBL-verkiesing van 15% tot 50% te verhoog, en van 0% tot 30% vir die tweede vergadering, is 'n goeie voorbeeld van die ontwriging. FEDSAS moes eenvoudig vinnig reageer en het onmiddellik aan die Minister van Basiese Onderwys 'n brief geskryf, die regsgronde uiteengesit en versoek dat daardie besluit dadelik teruggetrek word. FEDSAS het ook 'n dringende vergadering van die Nasionale Raadplegende Forum (NCF) aangevra. Die gevolg was dat die Raad van Onderwysministers hul irrasionele besluit teruggetrek het. FEDSAS het hiermee 'n reuse-slag geslaan, maar dit het onbeplande tyd en hulpbronne geveer.

FEDSAS se Uitvoerende Komitee (UK) het vanjaar 'n groot rol in ons prestasie gespeel deur die moeilike invloede te help bestuur en steeds die oog op ons doelwitte te hou. Ons toegewyde FEDSAS-span het kliphard





gewerk om 'n verskil in onderwys te maak en die operasionele verslae getuig van baie ure op die pad om by lede uit te kom, vergaderings by te woon en opleiding te gee.

Kommunikasie is een van FEDSAS se belangrikste funksies. Vanjaar het ons op verskeie kreatiewe wyses gekommunikeer, hetsy met personeel, lede, raadslede, die media of die publiek. Professionele grafika en video's vorm nou deel van alles wat ons doen en ons geniet steeds ongekende dekking in die hoofstroommedia. Ons maak uitstekende vordering op hierdie gebied en is beslis op die regte pad in 'n snel-veranderende omgewing.

Twee staatmaker-personeellede het vanjaar afgetree ná baie jare se diep spore in onderwys. Ben Ferreira (Gauteng) en Marietjie Fouché (Noordwes) was nie net bestuurders in hul provinsies nie, maar leiers in FEDSAS na wie baie van ons opgekyk het. Ons sal hulle baie mis maar ons eer hulle ook vir hul onbaatsugtige diens oor 'n lang tydperk aan die kinders van Suid-Afrika.

FEDSAS kan ons 30ste bestaansjaar vier omdat daar mense voor ons was wat 'n visie en droom gehad het en dit in aksie omgeskakel het. FEDSAS het destyds in verskillende vorme in provinsies gestalte gekry, maar die goue draad deur al die jare was 'n passie vir onderwys en vir die kinders van Suid-Afrika. Dit is dus gepas om eerstens hulde te bring aan elke vrywilliger wat deur die jare by FEDSAS betrokke was. Vrywilligers het die organisasie vir meer as 'n dekade gedra voordat die eerste betaalde personeel aangestel is. Vrywilligers op die Nasionale Raad, Provinsiale Rade en komitees speel vandag nog 'n reuse-rol om die organisasie getrou aan sy missie en visie te hou deur goeie oorsig ("*governance*") en betrokkenheid. Hartlike dank aan elkeen.

FEDSAS is 'n naam en 'n struktuur, maar die mense gee dit lewe, kultuur en laat dinge gebeur. Weereens staan ons op die skouers van personeel wat die organisasie oor die jare help bou het en vir ons 'n stewige grondslag daargestel het om vanaf te werk. Baie van hierdie personeel is al oorlede, maar die werk gaan voort. Ons eer elkeen vir hulle rol.

Ek staan verstom oor die komplekse aangeleenthede waarmee ons personeel te doen kry en veral hoe voortreflik hulle dit hanteer. FEDSAS is geseën met vaardige en passievolle individue en hierdie verslag getuig van 'n jaar se harde werk, voor en agter die skerms. Ek is baie dank verskuldig aan elkeen se onbaatsugtige diens aan die organisasie en die kinders van ons land.


Hartlike dank ook aan al die lede van die Uitvoerende Komitee. Julle lei met onderskeiding! Dankie ook aan Juané en Riaan, wat as adjunk-uitvoerende hoofde die organisasie op die hoogste vlak verteenwoordig en ware ambassadeurs vir FEDSAS is. Met hierdie leierskapspan is die organisasie in goeie hande.

'n Spesiale woord van dank aan die voorsitter van die Nasionale Raad, Shaun Mellors, vir sy voortgesette belangstelling, steun, leierskap op die raad, komiteebetrokkenheid en ons gereelde interaksie. Dit is waarlik 'n voorreg om saam te werk.

Baie dankie aan almal wat dit vir ons FEDSAS-mense moontlik maak om FEDSAS en onderwys te kan dien.

Ons planne vir 2024 is in plek. Dit is weer tyd vir beheerliggaamverkieings en opleiding van nuwe lede van beheerliggame. Ons stryd teen die onbillike bepalinge in BELAB sal voortgaan, ons gaan gemeenskappe help mobiliseer vir die verkiesing en dan seker maak dat ons weer uitstekende opleidingsessies aanbied. Ons staan immers op die skouers van 30 jaar se ervaring.

Dr. Jaco Deacon  
Uitvoerende hoof



# WAARDETOEVOEGING

## Wie is FEDSAS?

FEDSAS is die leier in skoolbeheer- en bestuur. Die organisasie fokus op die ontwikkeling van bekwame skoolbeheerliggame van skole. FEDSAS verskaf inligting, organiseer, mobiliseer en rus ons lede toe om die hoogste onderwysstandaarde in skole te handhaaf en uit te bou. Die organisasie is in 1993 gestig en het oor die afgelope drie dekades gegroei tot een van die mees gerekende rolspelers in Suid-Afrikaanse onderwys.

Die **visie** van FEDSAS is die behoud en bevordering van onderwys van gehalte in alle skole in die Republiek van Suid-Afrika.

Die **missie** van FEDSAS is om alles in sy vermoë te doen om sy lede en belangegroepe, naamlik die ouers, leerders en personeel, te verteenwoordig in die vestiging en bevordering van die hoogste moontlike standaard van opvoeding vir AL die kinders van ons land en ook om doeltreffende leierskap in en van skoolbeheer en -bestuur te bevorder.

## Kernwaardes

### Uitmuntendheid

Om kompromisloos gehalte-diens te lewer en om altyd te soek na beter maniere om dinge te doen deur ons verbintenis aan voortdurende verbetering in ons persoonlike en professionele lewe.

### Integriteit

Om eerlik, deursigtig, oop, geloofwaardig en respekvol op al ons verskille in ons interne en eksterne interaksies te bou.

### Passie

Om 'n positiewe verskil te maak deur geesdrif, toewyding, sterkte, intensiteit en om algehele oorgawe na te streef in alles wat ons doen.

### Rentmeesterskap

Om verantwoordelikheid te aanvaar en verantwoordbaar te wees.

### Verhoudinge

Om inslag te gee aan die deugsame sirkel van respek, vertroue en openheid in al ons verhoudinge en daardeur 'n impak te maak en invloed uit te oefen.



## FEDSAS se beginsels

- FEDSAS onderskryf die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.
- FEDSAS ondersteun die beginsel van maksimum afwenteling van skoolbeheer en -bestuur na beheerliggame van openbare skole, en beywer hom vir die bevordering en uitbouing van die magte en bevoegdhede van beheerliggame deur die opbou van die vermoëns van beheerliggame.
- FEDSAS ondersteun en bevorder die beginsel van die vryheid van beheerliggame en skoolgemeenskappe om die vlak waarop onderwys deur die Staat voorsien word, aan te vul.
- FEDSAS onderskryf die beginsel van keuring en erkenning op grond van meriete en uitnemendheid.
- FEDSAS ondersteun die beginsel dat skoolbeheerliggame vir elke leerder geleentheid behoort te skep om hul volle potensiaal te verwesenlik.
- FEDSAS onderskryf die beginsel van behoud en bevordering van 'n kultuur van leer en onderrig in alle skole sowel as die beginsel van uitnemendheid in onderrig.
- FEDSAS ondersteun die beginsel van vestiging en behoud van gesonde verhoudings met alle belangegroepes in die onderwys.
- FEDSAS ondersteun en omhels die beginsel van verdraagsaamheid. Ons respekteer, erken, huldig en vier die verskillende kulture, gelowe en tale van die mense van die Republiek van Suid Afrika, verenig in ons diversiteit.


## FEDSAS se doelstellings

- Om as verteenwoordigende liggaam en spreekbuis te dien vir die bevordering van die gemeenskaplike belange en ideale van sy lede sonder om in hul huishoudelike sake in te meng
- Om amptelike erkenning van alle toepaslike liggame, instellings en owerhede te verkry
- Om namens sy lede samesprekings te voer en te onderhandel met, en voorleggings te maak aan gesagsliggame en ander instellings op alle vlakke
- Om geld in te samel ter verwesenliking van die doelstellings van FEDSAS
- Om alle stappe te doen wat nodig kan wees om die missie of doelstellings van FEDSAS te bevorder
- Om opleiding, toerusting en bystand aan sy lede te voorsien in die uitoefening van hul regte, die uitvoering van hul pligte, en die nakoming van hul verantwoordelikhede
- Om gesonde kommunikasie met alle belangegroepes in die onderwys te vestig en te bevorder
- Om die vernaamste innoveerder te wees om maksimum waarde uit die beskikbare tegnologie te ontgin ter wille van ons interne behoeftes, operasionele behoeftes, om ons lede van diens te wees en te begelei t.o.v. die impak van tegnologie op onderwys


## Nasionale voetspoor

FEDSAS se nasionale voetspoor:


Verspreiding van lede / kontakbesonderhede



# Beheerstrukture



# Die FEDSAS-bloudruk vir suksesvolle onderwys



Die bloudruk spits ál FEDSAS se aksies op die organisasie se visie toe: Die behoud en bevordering van onderwys van gehalte in alle skole in die Republiek van Suid-Afrika. Dit skenk aandag aan sistemiese aangeleenthede en verandering om 'n blywende invloed en uitwerking op die onderwysstelsel te hê. Dit bied 'n meetinstrument vir die regering se vordering, verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid, en voorsien data sodat ons as fluitjieblaser en waghond kan optree. Dit dien as 'n kapstok vir ons aksies, planne en projekte om gekoördineerd, stelselmatig en konsekwent na ons visie te kan streef. Baie van die onderwysboustene val buite FEDSAS se direkte beheer en FEDSAS fokus hier dus op die bou van goeie verhoudinge, die uitoefen van invloed en druk en openbare meningsvorming om verandering te weeg te bring. Die bloudruk bestaan uit agt pilare wat elkeen vyf boustene het. Besoek [www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za) vir meer inligting.

**Pilaar 1: Leierskap, beheer en bestuur:** 1) goed opgeleide beheerliggame, 2) goed opgeleide skoolhoofde en bestuurspanne, 3) betrokke leerderleiers, 4) kundige amptenare (kring, distrik en provinsie), 5) ontwikkeling van aspirant-skoolhoofde

**Pilaar 2: Personeel:** 1) voldoende poste vir elke skool, en 'n opvoeder in elke klaskamer, elke dag, 2) die beste skoolhoofde, vinniger aangestel, 3) opvoeders in die klaskamer, besig met onderrig, 4) genoeg personeel vir gespesialiseerde vakke/skole (LSOB ingesluit), 5) doeltreffende vul van vakatures

**Pilaar 3: Kommunikasie:** 1) duidelike, gereelde, tydige en direkte kommunikasie tussen rolspelers, 2) kwartaallikse vergaderings tussen Departement en beheerliggaam-organisasies, 3) provinsiale departemente voldoen aan statutêre oorlegpleging oor postevoorsiening en finansiering, 4) toegang tot inligting, 5) ontvangserkenning van, en reaksie op, skrywes


**Pilaar 4: Finansiering:** 1) voldoende finansiering vir alle skole, 2) tydige NNSF-betalings aan skole, 3) openbaarmaking van begrotings en besteding, 4) eenvormige riglyne/regulasies vir finansies, 5) bevoegde personeel in finansiesafdeling van skole

**Pilaar 5: Infrastruktuur:** 1) minimum infrastruktuur-standaarde vir elke skool, 2) ontwikkeling- en instandhoudingsplan in elke provinsie, 3) ontwikkeling van volhoubare water- en elektrisiteitsplan vir skole, 4) nood- en veiligheidsplanne in skole, 5) minimum standaard vir skooltegnologie

**Pilaar 6: Vennote en verhoudings:** 1) positiewe verhoudings tussen drie onderwysvennote (staat, skool en ouers), 2) positiewe verhoudings met gemeenskappe/ gemeenskapsorganisasies, 3) betrek gemeenskappe – openbare skole, 4) positiewe verhouding met vakbonde en ander beheerliggaamorganisasies, 5) waardegedrewe skole

**Pilaar 7: Kurrikulumuitkomste:** 1) integriteit van die stelsel en assessering, 2) suksesvolle driestroommodel, 3) e-leer- en vervlegde-leer-modelle, 4) ontwikkeling van vaardighede wat toegang bied tot werk, 5) akademiese vryheid

**Pilaar 8: Sosio-ekonomiese programme:** 1) veiligheid van leerders en personeel, 2) maatskaplike werkers in skole, 3) minimum hulpbronnepakket vir skole/hulp aan gesinne, 4) projekte vir voldoende en voedsame voeding, 5) toegang tot hulpbronne soos data en datapunte



## Nasionale Raad

'n Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS. Hierdie beginsel beteken dat die Nasionale Raad uiteindelik vir die organisasie en sy werksaamhede verantwoordelik is. Die Nasionale Raad is die struktuur wat oor FEDSAS se welstand verantwoording sal moet doen. Lede van die Nasionale Raad word elke drie jaar tydens die Algemene Jaarvergadering van FEDSAS verkies. Die Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS, wat die beheer van die geld en ander bates van die organisasie insluit. Aangesien die Nasionale Raad ander se bates beheer, staan die organisasie sowel as alle individuele lede van die Nasionale Raad in 'n vertrouensverhouding ('n fidusiêre verhouding) teenoor FEDSAS. Ooreenkomstig sy fidusiêre pligte, moet die Nasionale Raad in belang van die organisasie handel. Benewens fidusiêre pligte, is lede van die Nasionale Raad ook verplig om behoorlike sorg, vaardigheid en toewyding aan die dag te lê. Hulle het ook statutêre pligte wat deur verskillende wette (insluitend die gemenerereg), die oprigtingsdokumente van die organisasie (die grondwet van FEDSAS) en enige ooreenkomste wat die organisasie kan aangaan (soos die aanstellingsbriewe of dienskontrakte van lede van die Nasionale Raad) aan hul opgelê word. Lede van die Nasionale Raad behoort hul pligte te verstaan om moontlike persoonlike aanspreeklikheid weens pligsversuim te voorkom. Lede van die Nasionale Raad ontvang geen vergoeding in ruil vir hul diens nie. Tog kan pligsversuim steeds tot verantwoordbaarheid en persoonlike aanspreeklikheid lei.

### Komitees

#### Uitvoerende komitee

Die uitvoerende komitee is verantwoordelik vir die uitvoering van FEDSAS se strategie en sakeplanne. Dit funksioneer onder voorsitterskap van die uitvoerende hoof en bestaan uit senior personeel van die organisasie.

#### Menslikehulpbronnekomitee

Die menslikehulpbronnekomitee vorm deel van die beheerstrukture van die nasionale raad van FEDSAS en adviseer die nasionale raad oor alle aangeleenthede rakende menslike hulpbronne en vergoeding van personeel. Die voorsitter en lede van die komitee word deur die nasionale raad aangestel.

#### Oudit- en Risikokomitee

Die oudit- en risikokomitee is verantwoordelik vir die toesig oor FEDSAS se finansies, risiko en voldoeningsvereistes. Dit is deel van die beheerstrukture van die nasionale raad en die voorsitter en lede word deur die nasionale raad aangestel.

#### Strategiekomitee

Die strategiekomitee is 'n staande komitee van die nasionale raad bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, uitvoerende hoof en komitee voorsitters. Die komitee adviseer die nasionale raad oor strategiese kwessies.

#### IT-komitee

Die IT-komitee vorm deel van die beheerstrukture van die nasionale raad van FEDSAS en adviseer die nasionale raad oor alle aangeleenthede rakende tegnologie. Die voorsitter en lede van die komitee word deur die nasionale raad aangestel.

Besoek die FEDSAS-webtuiste by [www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za) vir inligting oor provinsiale rade en FEDSAS se personeel in elke provinsie.





## WESENLIKE ASPEKTE

Wesenlike aspekte is aangeleenthede en gebeure wat 'n wesentliche effek kan hê op FEDSAS se vermoë om waarde tot die skoolonderwyslandskap toe te voeg. Hoewel hierdie geïntegreerde jaarverslag in geheel verteenwoordigend is van die wesentliche aspekte, met ander woorde daardie aspekte wat as aanduidend beskou word van FEDSAS se impak op die ses kapitale, bied hierdie afdeling 'n oorsig van enkele aangeleenthede wat spesifiek gedurende 2023 uitgelig moet word.

**Wetgewing:** Die Wysigingswet op Onderwyswette (BELAB) stel omvattende en ingrypende wysigings aan die land se onderwyswette voor. Dit sal 'n wesentliche impak op feitlik alle aspekte van skoolonderrig hê, asook die funksionering van beheerliggame. Van die wysigings sal 'n direkte impak het op twee van die beginsels waarop FEDSAS se bedrywighede rus, naamlik die ondersteuning van die beginsel van maksimum afwenteling van skoolbeheer en -bestuur na beheerliggame van openbare skole, asook die beginsel van die vryheid van beheerliggame en skoolgemeenskappe om die vlak waarop onderwys deur die Staat voorsien word, aan te vul. FEDSAS is sedert die begin van die BELAB-proses in 2017 aktief betrokke en lewer voortdurend kommentaar soos wat die proses vorder. Die organisasie beskik oor die nodige regstegniese maar ook praktiese kundigheid om spesialisbydraes te lewer.

**Befondsing:** Voldoende befondsing om die volle spektrum van dienste waarvoor FEDSAS beskik te kan lewer, sal altyd 'n uitdaging bly. Ekonomiese vooruitsigte vir Suid-Afrika is beroerd en dit het uiteraard ook 'n impak op nie-winsgewende organisasies se volhoubaarheid.

**Sosio-politieke onstabieliteit:** Bogenoemde kommer oor ekonomiese vooruitgang dra by tot sosio-politieke onstabieliteit in die land. Werkloosheid, gebrekkige dienslewering, beurtkrag en ander uitdagings lei dikwels tot protesaksies. Skole is nie uitgesluit hiervan nie en dit bedreig nie net die voortsetting van die akademiese kalender nie, maar ook onderwysers en leerders se veiligheid. Die aanloop tot die 2024-algemene verkiesing, asook die uitslag daarvan, sal fyn dopgehou word.

**Kommunikasie en handelsmerk:** In 'n era van snelle en inligtinggedrewe kommunikasie en beeldbou, is effektiewe en geloofwaardige kommunikasie 'n voortdurende uitdaging. Die FEDSAS-bloudruk is 'n poging om hierdie en ander uitdagings op 'n gefokusde wyse te bestuur.

**Verhoudingsbou:** Die onderwyslandskap in Suid-Afrika is 'n komplekse en in vele opsigte 'n omstrede landskap. Dit verg voortdurende beplande en versigtige voetwerk om relevante en geloofwaardige verhoudinge op te bou sodat lede van FEDSAS maksimum voordeel uit verhoudinge en verbintenisse kan trek.



## FEDSAS SE KOMPETERENDE LANDSKAP

FEDSAS se organisatoriese en operasionele aktiwiteite vind neerslag in ses fokusareas, naamlik opleiding en steun, bewusmaking, navorsing, fondswerwing en verhoudingsbestuur, asook goeie korporatiewe bestuur. Elke fokusarea het weer 'n direkte of indirekte impak op een of meer van die ses kapitale. Hierdie afdeling bied 'n oorsig oor bepaalde strategiese doelwitte en aktiwiteite vir die jaar, asook hoe hierdie aktiwiteite inwerk op bepaalde kapitale. Risiko's en geleenthede word ook uitgelig.

### FOKUSAREA: OPLEIDING EN STEUN

FEDSAS se primêre fokus is die toerus van skoolbeheerliggame. Dit sluit interne opleiding van en steun aan personeel en lidskole in, asook die beskikbaarstelling van opleidingsgeleenthede en steun vir die breër skoolgemeenskap.

#### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in finansiële en vervaardigde kapitaal wat omskep word in mensekapitaal. Mensekapitaal word weer gebruik om intellektuele kapitaal te verhoog. Skoolbesoeke en reise na opleidingsgeleenthede het 'n invloed op natuurlike kapitaal in terme van FEDSAS se koolstofvoetspoor.

#### Spesifieke strategiese doelwitte en aktiwiteite vir 2023 rondom opleiding en steun

##### FEDSAS Regsdienste

###### Aksies onderneem:

- Voortdurende aanpas en implementering van instrumente om beheerliggame by te staan
- BELAB: bywoning van al 27 openbare sessies, met geskrewe kommentaar ingedien by elke sessie
- Kommentaar op beleidsdokumente: 9 nasionaal en 12 provinsiaal
- Kontak met belangegroep
- Algemene regsbystand: 135 regsbriefe namens lede
- Hersiening van regsdokumente ouer as tien jaar: 92 dokumente
- Saamstel en aanbied van webinarre

##### FEDSAS Sentrum vir Tegnologie en Sentrum vir Finansies en Risikobestuur

FEDSAS se Sentrum vir Finansies en Risikobestuur plaas 'n kollig op die volhoubaarheid van skole terwyl die Sentrum vir Tegnologie fokus op die relevansie van skole in die 21ste eeu.

#### Aksies onderneem:

- Uitbreiding van FEDSAS se e-leer-platform wat aan skoolbeheerliggame, ouers en personeel toegang tot aanlyn-kursusse en materiaal bied om hulle beter toe te rus vir die uitdagings van skoolbeheer en -bestuur
- Sim4Schools-fondsinsamelingsprojek: Die Sentrum vir Finansies en Risikobestuur het aktief begin soek na fondsinsamelingsgeleenthede en het sim4schools in samewerking met MegsApp geloods.
- Ontwikkeling en bemerking van nasionale webinarre
- Ontwikkeling en aanbieding van provinsiale webinarre na gelang van behoeftes
- Nagenoeg 2000 sessies/webinarre
- e-tydskrifte digiTaal en RandSake: nagenoeg 4000 lesers

## Artikel

### Volhoubaarheid en relevantheid in skole

FEDSAS se Sentrum vir Finansies en Risikobestuur plaas 'n kollig op die volhoubaarheid van skole terwyl die Sentrum vir Tegnologie fokus op die relevansie van skole in die 21ste eeu. Net soos in die res van die wêreld is Suid-Afrika se ekonomie onder groot druk, wat ook druk plaas op skole se ekonomie. Goeie finansiële bestuur en aanwending van bates en hulpbronne is kritiek belangrike in hierdie uitdagende tye. Die Sentrum vir Finansies en Risikobestuur het in 2023 'n voorlegging aan die Departement van Basiese Onderwys gemaak om die formule en tabelle vir die vrystelling van skoolfonds aan te pas om die net van skoolfondsbetaling wyer te maak tot voordeel van ons lede.

Die Sentrum vir Tegnologie bring die nuutste ontwikkelings en tendense op die internasionale landskap na ons lede en plaas skerp fokus op die gebruik en integrasie van ons hedendaagse gereedskap in skole vir meer effektiewe bestuur en beheer van skole, sowel as die verbetering van leeruitkomst. Die meeste ouers se leef- en werkwêreld is reeds diep geanker in die 21ste eeu. Die pas van verandering noodsaak dat ons in skole ook byhou sodat die leerders se leerwêreld ook hul leefwêreld en hul toekomstige werkwêreld weerspieël.

Om ons diens en bydrae aan skole te verskerp, publiseer ons gereelde e-tydskrifte propvol inligting. Daar is goeie leierskapinligting, nuwe ontwikkelings soos ChatGPT en ander sowel as die goeie produkte en dienste wat ons korporatiewe lede bied.

In 2023 is 'n nuwe inisiatief vir tegnologie-entoesiaste en finansiële persone by skole geloods. Hierdie belangegroep is gerig op die konsep van 'n leergemeenskap waar ons nuwe ontwikkelinge en uitdagings bespreek en ondersoek en waar ons by mekaar en by kundiges leer. Dit is 'n geleentheid om te behoort, saam te werk, te leer en ook 'n bydrae te maak. Met digiTALers en FinVriende word 'n gemeenskap van persone geskep wat 'n impak in onderwys maak en met wie ons op 'n persoonlike en gereelde basis kan netwerk.

### Personeelopleiding

#### Aksies onderneem:

- Deurlopende ontwikkeling van personeel tydens personeelberade
- Deurlopende opleiding vir administratiewe personeel
- Induksie van nuwe personeel oor driemaande-periode
- Dinkdag-Dinsdag-sessies

## Spesifieke opleiding vir en ondersteuning aan skoolbeheerliggame

### Aksies onderneem:

- Opleiding aangebied tydens skoolbesoeke: 940 sessies; 5603 deelnemers; 1043 skole
- Deurlopende en gevorderde opleiding: 327 sessies; 6268 deelnemers; 2709 skole
- Opleiding aan VRL-lede: 25 sessies; 966 deelnemers; 94 skole
- Finansiële opleiding: 1396 sessies; 966 deelnemers; 94 skole
- Interaksie met onderwys-rolspelers: 112 sessies; 5690; 1756 skole
- 53 aanlyn-geleenthede (vergaderings en webinare) met 6 663 mense aanlyn
- Induksie van nuutverkose SBL-lede: 29 sessies; 328 deelnemers; 50 skole

### Provinsiale aksies:

- 4283 skoolbesoeke

## Risiko's en geleenthede

Opleidingsgeleenthede is onderworpe aan lede se veranderende behoeftes en verwagtinge. Kursusse en opleidingsmateriaal, asook hoe opleiding aangebied word, moet dus in pas bly met die veranderende omgewing. FEDSAS se aanlyn-aanbod het aansienlik uitgebrei en inligting is toeganklik oor verskeie platforms heen.

FEDSAS is 'n bedryfsleier in terme van die geleenthede wat die virtuele omgewing bied. Die langtermyn-belegging in mensekapitaal lewer reeds dividende. Tesame hiermee is dit ook 'n belegging in intellektuele kapitaal, veral wat innovasie en toekomstige sukses betref.

Risiko's moet egter nooit buite rekening gelaat word nie. Suid-Afrika se internet-infrastruktuur en veral die koste van internettoegang bly 'n uitdaging. As vervaardigde kapitaal maak FEDSAS hier staat op eksterne infrastruktuur. Hoewel die organisasie tegnologie so effektief as moontlik benut, is gebrekkige internettoegang, beskikbare hardeware en die koste hieraan verbonde, asook die verskillende vlakke van gebruikersvaardighede 'n wesentliche risiko vir toegang tot opleiding. Bywoning van sommige aanlyn-geleenthede is swak en navorsing is nodig om vas te stel wat die onderliggende oorsaak hiervan is.

Die impak van Suid-Afrika se elektrisiteitskrisis by 'n risiko. Beurtkrag beïnvloed aanlyn-sessies en in die geval van aangesig-sessies noodsaak dit weer 'n belegging in bystandkrag. Die derduisende kilometers wat afgelê word vir vergaderings, opleiding en skoolbesoeke het uiteraard 'n negatiewe impak op natuurlike kapitaal.

## FOKUSAREA: BEWUSMAKING

Bewusmaking fokus onder meer op die werksaamhede van FEDSAS, bewusmaking van die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Skolewet, asook bewusmaking rondom bepaalde projekte gedurende spesifieke periodes.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in sosiale en verhoudingskapitaal deur die versterking van die FEDSAS-handelsmerk.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2023 rondom bewusmaking:

#### Bewusmaking: BELAB

- Nuusbriewe met inligting oor spesifieke aspekte van BELAB
- Media-onderhoude
- Inligtingsvideo's op YouTube en FEDSAS se sosiale media

## Groei van FEDSAS se sosiale media-voetspoor

### Aksies onderneem:


- Facebook-volgeling: 13 620
- Instagram-volgeling: 1306
- X-volgeling: 2036
- LinkedIn-volgeling: 201
- Algemene bewusmaking: tradisionele media

### Aksies onderneem:

- Uitstuur van mediaverklarings oor 'n verskeidenheid onderwerpe, sommige gefokus op FEDSAS-aktiwiteite en ander as meningsvormer
- 15 mediaverklarings vir die tydperk 1 Januarie 2023 tot 31 Desember 2023

## Artikel


### BELAB 1 Januarie 2023 - 31 Oktober 2024 bereik 36 949 310 lesers



## Algemene bewusmaking: webtuiste

### Aksies onderneem:

- Voortdurende verbetering van aanlyn-ervaring ([www.fedsas.org.za](http://www.fedsas.org.za)), insluitend ontwikkeling van 'n video-biblioteek vir lede
- 45 013 besoekers aan webtuiste (Januarie – Oktober 2023): 19,5% terugkerende besoekers en 80,5% nuwe besoekers
- gemiddelde besoektyd van 4:12 minute



## Algemene bewusmaking: nuusbriewe

### Aksies onderneem:

- Nasionaal: 30 nuusbriewe (in Afrikaans en Engels)
- Provinsiaal: 66 nuusbriewe (in Afrikaans en Engels)
- Sentrum vir Tegnologie: 8 nuusbriewe (in Afrikaans en Engels)
- Sentrum vir Finansies en Risikobestuur: 1 nuusbriewe (in Afrikaans en Engels)
- FEDSAS Vandag: tweeweeklikse interne nuusbriewe
- FEDSAS Communiqué: weeklikse personeelkommunikasie

## Risiko's en geleenthede

Bewusmaking verg 'n fyn balans tussen die bemarking van die organisasie en sy projekte en die sosiale kontrak wat 'n organisasie sonder winsbejag met die samelewing het om uitdrukking te gee aan die waarde wat die organisasie toevoeg ingevolge sy visie en missie. Diepte-kennis van die onderwysomgewing en veral regs-kennis van die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Skolewet is noodsaaklik vir FEDSAS se personeel. Bewusmaking van die rol van skoolbeheerliggame in openbare skole strek egter verder as die amptelike lede en hier het FEDSAS ook 'n plig om die algemene publiek op te voed en in te lig. BELAB het in 2023 baie mediablootstelling gekry. FEDSAS is deurlopend betrokke by die proses en daar was volop geleenthede om bewusheid rondom die organisasie se aktiwiteite te skep, asook om FEDSAS se posisie as leier in die onderwyssektor verder te onderstreep.

Risiko's in hierdie area sluit in dat sosiale en verhoudingskapitaal gebruik moet word om die organisasie se werksaamhede te groei, maar dat FEDSAS terselfdertyd ook sosiale en verhoudingskapitaal as hulpbron van die organisasie moet groei. Hierdie gee-en-neem-verhouding verg 'n gesonde balans sodat sosiale en verhoudingskapitaal as 'n hulpbron nie uitgeput word nie.

Voortdurende tegnologiese vooruitgang beteken dat die organisasie ook op die snykant van verwickelinge moet bly in terme van aanlyn-kommunikasie. Die FEDSAS-webtuiste word voortdurend uitgebrei. Hoewel 'n uitgawe in terme van finansiële kapitaal, stel die webtuiste FEDSAS in staat om die organisasie se storie van waardeskepping te vertel en terselfdertyd ook toegang tot die organisasie se intellektuele kapitaal verbeter.

Die uitdaging om relevant te bly is 'n risiko sowel as 'n geleentheid. Openbare persepsie van FEDSAS en die organisasie se aktiwiteite speel direk in op fondswerwing en die werwing van nuwe lede. FEDSAS het dus deurlopend die geleentheid om as meningsvormer te ontwikkel deur gebalanseerde deelname aan openbare gesprekke, hetsy positief, negatief of neutraal.

## FOKUSAREA: NAVORSING

FEDSAS se toegewyde span onderwysreg-spesialiste doen voortdurend navorsing oor beleidsontwikkeling, konsepwetgewing en ander aspekte van wetgewing wat skoolbeheerliggame raak.

### Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in 'n verhoging in intellektuele kapitaal en sosiale en verhoudingskapitaal.

## Artikel

### Praktiese raad aan skole die fokus van nuwe FEDSAS-boek

Skole soek nie definisies nie, hulle soek raad. Hierdie is die goue draad wat al die aktiwiteite van FEDSAS rig. Die organisasie se verbintenis tot praktiese steun aan veral skoolbeheerliggaamlede maar ook ander onderwysrospelers is opnuut bevestig met die publikasie van *Skoolbeheer II: Nog uitdagings en praktiese raad*.

Die boek is die vyfde in 'n reeks wat spesifiek fokus op kwessies waarmee skoolbeheerliggame en skole daaglik te doen kry. FEDSAS se uitvoerende hoof, dr. Jaco Deacon, en adjunkhoof, me. Juané van der Merwe, is die skrywers. Juta is die uitgewer van die reeks.

Die vorige boeke het gefokus op onder meer rigtinggewende hofsake in onderwys, finansiële bestuur in openbare skole en menslike hulpbronbestuur in openbare skole. Die eerste boek in die reeks was in vraag-en-antwoord-formaat met werklike probleme by werklike skole.

“Hierdie nuwe boek is 'n voortsetting van die benadering in die eerste boek. In die nuwe publikasie behandel ons 180 brandpuntvrae wat wissel van skoordisipline en opvoeders tot koshuise en die werksaamhede van die beheerliggaam,” sê Deacon.

Deacon sê die boek is ook 'n uitvloeisel van FEDSAS se fokus op die professionele ontwikkeling van personeel. “Elke week moet ons personeel oplossings voorstel vir 'n probleem waarmee 'n skoolgemeenskap worstel. Die antwoord word in die daaropvolgende week se interne nuusbrieff bespreek. Sodoende bly personeel op hoogte van die vertolking van wetgewing én kry ook die geleentheid om te leer uit ander se ervaring.”

Deacon, 'n gevestigde skrywer met talle publikasies op sy kerfstok, is vol lof vir Van der Merwe se bydrae. “Juané het haar die afgelope byna tien jaar gevestig as een van die voorste kenners van onderwysreg. Sy is ook die hoof van FEDSAS se regsdiens en was in baie gevalle die eerste persoon waarmee lede kontak gemaak het oor die probleme waarmee hulle te kampe het.”

Van der Merwe sê op haar beurt as skrywers was hulle benadering om die inhoud aan te bied op dieselfde praktiese, toeganklike wyse waarop die werklike gevalle hanteer is. “Ons werk met mense, nie met probleme nie. Met die regte inligting en die nodige leiding los FEDSAS-lede self probleme op, of voorkom dit.”

Deacon sê die boek is gemik op 'n groter gehoor as net beheerliggaamlede. “Suid-Afrika se onderwysstelsel kan net suksesvol wees as daar soveel moontlik kundige rospelers betrokke is. Die boek is daarom ook gemik op amptenare, opvoeders en enige ander persoon wat op een of ander wyse by onderwys betrokke is. FEDSAS was nog altyd baie oop vir die deel van kundigheid en ervaring en hierdie boek is 'n voortsetting daarvan.”

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2023 rondom navorsing:

### Aksies onderneem:

- Deurlopende navorsing vir spesifieke regsaksies en hofsake waarby FEDSAS namens sy lede betrokke is
- Opsomming van openbare kommentaar beskikbaar op FEDSAS-webtuiste
- Regspan lewer referate by Suid-Afrikaanse Vereniging van Onderwysreg (SAELA) se jaarlikse konferensie
- Publikasie van *Skoolbeheer II: Nog uitdagings en praktiese raad*

## Risiko's en geleenthede

Enige regsaksie hou verskeie risiko's in, gegewe veral die finansiële koste en die risiko vir die organisasie se reputasie. FEDSAS sien regsaksie as 'n laaste uitweg en maak eerder staat op die organisasie se invloed in verskeie strukture in die onderwyssektor (sosiale en verhoudingskapitaal), insluitend met die regering, om geskille te besleg of in 'n poging om toe te sien dat daar korrek uiting gegee word aan statutêre bepalings en pligte. Die inherente risiko aan regsaksie kan egter nooit buite rekening gelaat word nie.

Nuwe wetgewing en beleid en ook rigtinggewende hofuitsprake bied volop geleentheid vir FEDSAS om intellektuele kapitaal te verhoog deur ontwikkeling van regsmenings, beleid, publikasies en opleidingsmateriaal. Dit bied egter ook geleentheid vir FEDSAS om sy regskennis en ervaring te gebruik om leiding te bied aan skoolbeheerliggame en ander rolspelers, insluitend onderwysdepartemente, om hierdie nuwe omgewing te navigeer.

## FOKUSAREA: GROEI LEDETAL

FEDSAS se ledetal op 31 Desember 2023 staan op 1897 skoolbeheerliggame van openbare skole. Daar is egter 22 511 openbare skole in Suid-Afrika en die groei van FEDSAS se ledetal bly dus 'n primêre doelwit.

## Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in 'n verhoging in finansiële kapitaal, mensekapitaal en sosiale en verhoudingskapitaal.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2023 rondom die groei van ledetal:

### Aksies onderneem:

- Werwing van lede deur middel van algemene opleidingsgeleenthede en webinare waartoe nie-lede ook toegang het
- Opvolg van verwysings van bestaande lede
- Produk "FEDSAS in 'n boks" gratis vir nuwe lede wat aansluit
- Invordering van lidmaatskapfooie
- Kortingsproses vir skole wat nie volle lidmaatskapfooie kan bybring nie

## Risiko's en geleenthede

FEDSAS se ledetal het 'n direkte invloed op die organisasie se finansiële posisie. Met Suid-Afrika se ekonomie onder druk, beteken dit dat baie lede sukkel om lidmaatskapfooie te betaal. Ander beheerliggaamorganisasies kompeteer in dieselfde mark en hou dus ook 'n risiko in. FEDSAS se uitstekende reputasie as leier in skoolbeheer en -bestuur bied egter aan die organisasie die geleentheid om sy ledetal te groei.



# FOKUSAREA: FONDSWERWING EN VERHOUDINGSBESTUUR EN SPREEKBUIS VIR BEHEERLIGGAME

FEDSAS is 'n organisasie sonder winsbejag en is dus, benewens die ledegeld van lede, van eksterne bronne vir inkomste afhanklik.

## Kapitale

Kapitale wat geraak of gebruik word deur hierdie fokusarea sluit in 'n verhoging in finansiële kapitaal, asook sosiale en verhoudingskapitaal.

## Artikel

### FEDSAS versterk internasionale bande

Dit is goeie én slegte nuus dat plaaslike uitdagings in onderwys nie uniek tot Suid-Afrika is nie. “In baie Europese lande is daar druk op skole in terme van toelatingsbeleid en daar is kommer oor die onderwyserskorps wat ouer word en vaardighede wat dus so verlore gaan,” sê dr. Jaco Deacon, uitvoerende hoof van FEDSAS. Deacon was 'n spreker by 'n kongres van die Europese Federasie van Onderwyswerkgewers (EFEE) in Ljubljana in Slovenië. Sestien lande was by die kongres verteenwoordig.

“Dit is natuurlik slegte nuus dat daar soveel uitdagings in onderwys is, en veral dat daar soveel ooreenstemming tussen lande is. Maar die goeie nuus is dat daar terselfdertyd ook soveel meer planne is, en geleenthede om by ander te leer.” Deacon sê in baie Europese lande word skole gekonfronteer met uitdagings met toelatings weens 'n toestroming van immigrante en vlugteling. “Skole moet dus aanpas om leerders van verskillende agtergrond, taal en kultuur te akkommodeer.”

Nog 'n algemene probleem is druk op skoolhoofde. “Weens die druk tree skoolhoofde vroeër af en daar is min kandidate wat belang stel om aansoek te doen vir vakante poste. Net soos in Suid-Afrika is personeelwelstand hoog op die agenda. Planne is nodig sodat onderwys 'n aantreklike professionele loopbaanopsie word en veral dat dit 'n volhoubare loopbaan is. Onderwysers wêreldwyd verlaat die profesie weens die druk wat uitdagings soos oorvol klasse, 'n tekort aan hulpbronne en gebrekkige steun meebring.”

Deacon sê FEDSAS en die EFEE het ook afsonderlik vergader oor nouer samewerking in die toekoms. “Ek is baie opgewonde hieroor. FEDSAS het nou nuwe vriende in baie lande. Daar is baie raakpunte tussen FEDSAS en die EFEE. Oor die volgende paar maande sal ons webinare oor en weer bywoon en dokumentasie uitruil. Ek hoop dat ons uiteindelik byvoorbeeld uitruilooreenkomste sal kan sluit om personeel blootstelling te gee aan ander stelsels. Op die kort termyn kyk ons veral na samewerking in terme van leierskap, beleid en tegnologie.”

Gesprekke het ook begin oor 'n internasionale netwerk waar kollektiewe aangesprek kan word. “Die VN se Internasionale Arbeidsorganisasie en UNESCO praat dikwels net met internasionale vakbondfederasies. Die gevolg is dat beleid of dokumente op lande afgedwing word sonder dat lande se omstandighede in ag geneem word. Trouens, talle lande het dikwels nie eens 'n stem op hierdie fora nie.”

Deacon sê vir FEDSAS om die leier in skoolbeheer en -bestuur te bly, is voortdurende vernuwing noodsaaklik. “Daarom bou ons ook aan ons internasionale netwerk. FEDSAS fokus op die ontwikkeling van bekwaame skoolbeheerliggame. Internasionale samewerking is 'n bewys dat ons ver en wyd konsulteer, waarneem en saamwerk om seker te maak ons lede het toegang tot die heel beste opleiding en steun.”

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2023 rondom fondswerwing en verhoudingsbestuur:

### Aksies onderneem:

- Sluit van strategiese vennootskappe
- Deurlopende vergaderings en formele en informele ontmoetings met onderwysrospelers, insluitend politieke leierskap, ten einde FEDSAS se rol as meningsvormer gestand te doen en om gesonde, proaktiewe verhoudings met rolspelers te bou
- FEDSAS teenwoordig by alle departementele vergaderings wat direk betrekking het op die rol en funksies van beheerliggame
- Gereelde skakeling met provinsiale onderwysdepartemente, as verteenwoordiger van lede, maar ook as onderwysvennoot
- Vergaderings met departementele amptenare op provinsiale vlak (Provinsiale Raadplegende Forum): 112 sessies; 5690 deelnemers; 1756 skole
- Vergaderings met departementele amptenare (Nasionale Raadplegende Forum): 169 sessies; 10 061 deelnemers; 14 128 skole
- Bemiddeling van ernstige konfliktsituasies tussen beheerliggame en skoolhoofde/onderwysers en/of onderwysdepartemente
- Skakeling met vakbonde en ander nie-regeringsorganisasies wat 'n rol in die onderwys speel
- Uitvoerende hoof woon "Leadership Skills in Education"-konferensie in Europa by as gas van European Federation of Employers (EFEE)
- Die skep van die pos van nasionale ontwikkelingsbeampte met 'n fokus op opleiding en om FEDSAS se opleidingsportefeulje uit te brei en toeganklik te maak vir soveel as moontlike skoolbeheerliggame

### Risiko's en geleenthede

